# menlo-insig

6/2025

28 Februarie 2025


## LIEWE MENLO

Dit was ’n interessante week in die Insigkantoor. Mense het van oraloor – selfs buurskole – gebel om te vra hoe die Parkies dit weereens reggekry het. “Wat reggekry het?” vra ek. “Om die A-bond-interhoër vir die vier en twintigste jaar in ’n ry te wen,” sê die stemme telkens aan die ander kant.

“Die geheim agter die Parkies se sukses is eenvoudig: Ons streef die hoogste na in alles wat ons aanpak. Wanneer ’n Parkie ’n doelwit in die visier het, is daar eenvoudig geen keer nie. Daar heers ’n kultuur van uitnemendheid op Menlo-bodem en boonop vind die Menloparkers vreugde in samesyn. Hiervan is die interhoërtoeskouers ’n klinkklare bewys. Nie eers ’n nat graswal of fel sonstraal kon een duisend vyf honderd Parkies keer om soos een man na Pilditch op te ruk nie. Die pad na interhoër was vir seker nie altyd maklik nie, maar *cometh the hour and cometh the Parkie* en met dagbreek op 21 Februarie 2025 het elke Menloparker presies geweet wat om te doen.”

Die stem luister aandagtig en na my relaas vra hulle weer: “Ja, maar wat maak Menlo anders?”

“Eenvoudig,” sê ek. “Luister verder.”

“Op Menlo-bodem begin afrigting met inspirasie. Ons afrigters is fiks genoeg om die ekstra myl te stap en hulle doen dit sonder aarseling.”

“Boonop skuif die onderwysers ewe gemaklik uit hulle klaskamers na Pilditch. Vir ’n oomblik was daar by Pilditch verwarring omdat daar nie ’n witbord was nie, maar dan leef die onderwysers hulleself in hulle atletiekrolle in. Daar word aangemoedig, gemeet, tydgehou en rondtes getel. Sonder moeite. Ons atlete se oë is op skrefies, want hulle kyk verby die harde werk wat in die seisoen plaasgevind het. In hulle geestesoog is hulle beste pogings duidelik sigbaar en in hulle harte is daar geen twyfel nie. Op die walle en die pawiljoen is dit warm, maar die Parkies smelt nie – hulle begeester!”

Skielik is dit tjoepstil. Die stem aan die ander kant is sprakeloos. Menlo is trots. Dankbaar. Nederig. Geen oorwinning is vanselfsprekend nie, maar vier en twintig in ’n ry is werklik spesiaal.

Excelsa Petamus!



## DAGBOEK

**28/2**
- Tienjaarreünie
- Seuns- en dogtershokkie: Balling-toernooi – 2/3
- Tennis: Menlo-Mixit (Sun City) – 3/2

**1/3**
- Netbal: Rustenburg (Tuis)

**4/3**
- Akademie: English Olympiad (Saal, 12:00 – 15:00)
- Wintersport: Eldoraigne (Tuis)

**5/3**
- Tennis: Gerrie Berner-toernooi (Paarl) – 8/3
- Tennis: Senior dogtersliga

**Belangrike skakels:**

Volg gerus die onderstaande skakels vir belangrike datums:

- Rugby
- Hokkie
- Netbal
- Kultuur
- Toetsrooster

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke: 082 579 4968.

**Teks: Psalm 143:8**

Laat my elke môre u liefde ondervind, want in U stel ek my vertroue.




## MENLO PERSONEEL

### Welkom in ons midde!



Die Hoërskool Menlopark verwelkom vandeesweek vir mnr. Sybrand Viviers in ons midde. Meneer Viviers is tydelik in die pos van buitekurrikulêre adjunkhoof aangestel waar hy met die koördinering van kultuur- en sportaktiwiteite behulpsaam sal wees.

Meneer Viviers se onderwysloopbaan het in 1986 aan Laerskool JJ van der Merwe in Ermelo begin. Hy het verskeie leierskapsrolle gedurende sy loopbaan vervul en daarby is mnr. Viviers 'n bedrewe sportafrigter en kultuurkenner. Die Hoërskool Menlopark vertrou dat die tyd op Menlo-bodem vir mnr. Viviers vol hoogtepunte sal wees en ons sien daarna uit om hom in die volgende paar maande beter te leer ken.

Welkom op Menlo-bodem!

## GEES







### Parkies victorious!

Interhoër is 'n skouspel. Op die spektrum van skouspele sal jy dit iewers tussen 'n Olimpiese Spele in die kleine en die Kaapse Klopse vind. 'n Logistieke oefening waarvan die beplanning maande duur. Agt skole. Sestien duisend mense. Was die interhoër 'n spioenasiefilm, sou die vlugteling maklik in die skare kon verdwyn. Hy sou egter sy immuniteit moes verdien deur sy stem by 'n koor van oorlogskrete te voeg.

Interhoër is in Februarie – 'n nat en warm maand. Gepantser met sonblok en bottels gevriesde water maak die skare hulle reg om die UV-strale te trotseer. Die dag is lank...., maar die Parkies word eenvoudig nie moeg nie. Niemand kan dit verstaan nie. Die graswalle dreun. Ons atlete ry op 'n golf van wit en blou: "Ons kom uit die ooste..."

Interhoër behoort vanjaar aan Menlopark. Die manier waarop die Parkie-toeskouers verlede Vrydag agter die atletiekspan verenig het, was verstommend. Baie dankie aan elke toeskouer wat met oorgawe deelgeneem het asook aan die personeel wat diens gedoen het. Dit was 'n spanpoging sonder gelyke.



















# KULTUUR

## Menlo-kultuur verdien bravo én encore!

Die skool se Kultuur Prestige-aand was vanjaar oudergewoonte 'n viering van talent oor die kultuurspektrum heen. Die Fairtree Atterbury Teater het vandeesweek gasheer vir die geleentheid waar erkenning aan die skool se voorste sangers, musikante, akteurs, kunstenaars, redenaars en debatteerders gegee word, gespeel.

Die aand is in die vorm van 'n skouspelagtige en uiters genotvolle verskeidenheidskonsert aangebied waar die gehoor telkens aangeroer is deur die leerders se talent. Vandeesweek was dit die skool se splinternuwe orkes – 47 lede sterk – wat die kollig met hulle vertolking van *Shut up and dance* en *Victory* gesteel het. Wat die optrede selfs meer merkwaardig maak, is die feit dat hierdie orkes skaars sewe uur saam geoefen het. Die Menlo-koor was oudergewoonte fenomenaal en elke musiekliefhebber word aangemoedig om hierdie talentvolle stemversameling te hore te kry. Jean-Marie van Brummelen, Menlo se eie nasionale eisteddfodwenner, het 'n kragtoer van stembeheer gelewer, terwyl die instrumentaliste die gehoor na hulle asems laat snak het. Daarteenoor het die akteurs die lagspiere geprikkel om die aand se emosie perfek te balanseer.

Baie dankie aan me. Jeanmari van Papendorp en die res van die kultuurspan wat aan die stuur van sake gestaan het asook mnr. Corné van Wyk en me. Roché van Blerk wat as seremoniemeesters opgetree het.

Die volgende toekennings is uitgedeel:

**Drama**
Junior: Nina du Plessis
Senior: Rian Knoesen

**Musiek**
Junior: Carl Radley
Senior: Clara Serfontein & Imme Kromhout

**Kuns**
Junior: Katrien Mahne
Senior: Kayden Loedolff


**Redenaars**
Junior: Kayden Venter
Senior: Erik Senekal

**Debat**
Junior span: Kayden Venter & Luané Erasmus
Senior span: Erik Senekal & Le Roux van Wyk

**Veelsydigheid**
Junior: Nina du Plessis & Jeanne-Marie v Brummelen
Senior: Rian Knoesen

# ATLETIEK

## Menlo-atlete doen dit weer







Na vier en twintig interhoëroorwinnings op die skool se geesstok is daar nou geen twyfel meer nie: Parkies kan!

Pilditch se blitsige tartanbaan het Vrydag die room van hoërskoleatletiek in Pretoria verwelkom en dit is op hierdie blou karousel waar die een puik prestasie na die ander aan 'n volgepakte stadion opgedis is.

Die oorgawe waarmee Menlo deelgeneem het – op die baan, veld én graswalle – het deurgaans aandag getrek.

Voorts was dit nie net die Parkies se superieure atletiese vermoëns en die toeskouers se uithouvermoë op die graswalle wat beïndruk het nie, maar die gesindheid en grasie waarmee die Parkies hulle oorwinning gevier het wat menige hart verower het.

Midstream College verdien te midde van moeilike weersomstandighede 'n pluimpie vir puik organisatoriese reëlings.

Wanneer daar op ons atlete se sukses gereflekteer word, is daar net een resep vir prestasie en dit is volgehoue harde werk.

Baie dankie aan elke atleet, afrigter en ouer wat die ekstra myl in die 2025-seisoen afgelê het.

Julle toewyding inspireer.

### Spankompetisie:

1. Die HS Menlopark
2. Hoërskool Zwartkop
3. Hoërskool Waterkloof
4. Midstream College
5. Hoërskool Montana
6. Hoërskool Garsfontein
7. Hoërskool Eldoraigne

### Seuns:

1. AHS 2. Menlo 3. Zwartkop

### Dogters:

1. Menlo 2. AHMP 3. Waterkloof

### Menlo verower die volgende trofeë:

**Junior victrix ludorum:**
Janelle Kirkpatrick

**Junior victor ludorum:**
Jaco van Dyk

**Senior victrix ludorum:**
Megan Nieman

**Ander:**
Beste dogterspan: Naellope
Beste dogterspan: Worpe
Beste dogterspan: Aflosse
Beste dogterspan: Hekkies









# PERDRY

## Menlo-ruiters behaal bykans twee dosyn top-10-plekke by Sanesa-skou

Gewone mense word dikwels daarteen gewaarsku om op hulle perdjies te klim, maar ruiters kan gewoonlik nie wag om hulle skoolklere smiddae vir 'n saal en stewels te verruil nie. Groot was die teleurstelling toe die tweede dag van Sanesa se eerste kwalifiseerder van 2025 weens gure weer afgestel is. Die eerste dag het nogtans opwindende aksie opgelewer en die Insig plaas graag die uitslae. Baie geluk aan die ruiters!

| | |
|---|---|
| **Dressage** | |
| Paige Durrant | 2e |
| Roi Fourie | 3e |
| Annebell Pienaar | 2 x 6e plekke |
| Roi Fourie | 8ste |
| **Equitation** | |
| Lize van Ettinger | 1ste |
| **In-Hand Utility** | |
| Lize Coetzee | 2e |
| **Show Jumping** | |
| Kera-Madison Macfarlane | 4 x 1ste plekke |
| Kera-Madison Macfarlane | 4 x 2e plekke |
| Kaeley Smith | 5e |
| Kera-Madison Macfarlane | 2 x 5e plekke |
| Lize van Ettinger | 7e & 10e plek |
| **Working Hunter** | |
| Paige Durrant | 1ste |
| **Working Riding** | |
| Lize Coetzee | 1ste |



# SPOG



## Van lemme tot stiebeuels: Parkies weet hoe!

Daar is min uitdagings waarvoor Menloparkers nie kans sien nie. Hierdie onverskrokkenheid en lewenslus is onlangs deur twee veelsydige Parkies bevestig. Loer gerus na die uitsonderlike prestasies van Tristané Schmulian en Megan Schnebel.

Tristané Schmulian verower 'n silwer medalje by die Gauteng-Interprovinsiale Figuurskaatskampioenskap.

Megan Schnebel verteenwoordig Gauteng-Noord by die interprovinsiale ruiterkunskompetisie. Welgedaan!

# MENLO-INLIGTING

## EKSTRA KLASSE

**Wiskunde**
Graad 8: Maandae
Graad 9: Woensdae
Graad 10: Dinsdae
Graad 11: Maandae
Graad 12: Donderdae
Inligting (tye en lokale) is by wiskunde-onderwysers beskikbaar.

**Fisiese Wetenskappe**
Graad 12: Maandae in D2
Graad 11: Dinsdae in H9
Graad 10: Donderdae in H10

Vraag-en-antwoordsessies:
14:10 - 15:00

## TOETSROOSTERS

Raadpleeg die skool se webblad.

## MENLO-SPORTWINKEL

*(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)*
Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
(082 322 6081)

**1ste tot 3e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 - 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

**4e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45

## SPORTKLERE MET KARAKTER

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)

## ED-ADMIN

- Maak asseblief seker dat u die toep op u foon installeer.
- Menlo-nuus en Menlo-kommunikasie is op die toep beskikbaar.
- Het u besonderhede dalk verander? Verander gerus self u telefoonnommer, adres of e-posadres op die toep.

## MENLO-KLEREBANK

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Slegs per afspraak.

## BEMARKINGSKANTOOR



## ALGEMEEN

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- Menlo is kontantloos!

## WEEKLIKSE BEPLANNING

Die beplanning word weekliks op die klasgroepe geplaas. Raadpleeg gerus u kind.










# Menlo kies jou!

# MARKPLEIN







## Lynnies-damesoggend

Volg gerus die volgende skakels vir meer inligting:

**Inligtingsbrosjure**

**Besprekings**